Sondag

24 Februarie 2019 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 577

Die Heer, my herder, sorg vir my.
Hy laat my rustig wei;
langs waters waar daar vrede is,
sal Hy my veilig lei.

Die Heer gee my weer nuwe krag
en Hy sal met my gaan;
Hy lei my op die regte pad
tot ere van sy Naam.

Al lê daar donker dieptes voor,
tog hoef ek nie te vrees,
want U's by my, en in u hand
sal ek steeds veilig wees.

U maak my vir 'n fees gereed,
terwyl my vyand kyk.
U maak van my 'n eregas
U maak my lewe ryk.

Net goedheid, liefde, lewenslank,
Gee U, o Heer, vir my;
By U's ek tuis, en in u huis
sal ek vir ewig bly.

Woorddiens

Tema: Geloofsvorming, geloofgewoontes

Skriflesing: Lukas 4:42, 5:16, 5:27-31, 6:6 en 12

Broodjies vir die pad

"It is customary to blame secular science and anti-religious philosophy for the eclipse of religion in modern society. It would be more honest to blame religion for its own defeats. Religion declined not because it was refuted, but because it became irrelevant, dull, oppressive, insipid. When faith is completely replaced by creed, worship by discipline, love by habit; when the crisis of today is ignored because of the splendor of the past; when faith becomes an heirloom rather than a living fountain; when religion speaks only in the name of authority rather than with the voice of compassion--its message becomes meaningless."
— Abraham Joshua Heschel, God in Search of Man: A Philosophy of Judaism

Abraham Joshua Heschel
Born in Warsaw, Poland January 11, 1907
Died December 23, 1972

Heschel was a descendant of preeminent rabbinic families of Europe, both on his father's (Moshe Mordechai Heschel, who died of influenza in 1916) and mother's (Reizel Perlow Heschel) side, and a descendant of Rebbe Avrohom Yehoshua Heshl of Apt and other dynasties. He was the youngest of six children including his siblings: Sarah, Dvora Miriam, Esther Sima, Gittel, and Jacob. In his teens he received a traditional yeshiva education, and obtained traditional semicha, rabbinical ordination. He then studied at the University of Berlin, where he obtained his doctorate, and at the Hochschule für die Wissenschaft des Judentums, where he earned a second liberal rabbinic ordination.

https://www.goodreads.com/author/show/5545.Abraham_Joshua_Heschel

Die reënmeters en almanakke van ons lewe

Dana Snyman

Ek kuier by my vriend Moos diep in Pretoria. Hy woon in een van daardie veiligheidskomplekse. Dis hoë mure, dis beton, dis Italiaanse teëls. En tussen alles, naby die wasgoeddraad in sy agterplasie, hang 'n ouerige reënmeter aan 'n paal.

Moos werk bedags in 'n kantoor. Sy voortuin is skaars groter as 'n dubbele motorhuis. Die agterplasie is geplavei. Hoekom sou hy 'n reënmeter wil hê? Jy kan deesdae in elk geval baie akkurate reënvalsyfers op die internet kry. Of in die koerant. Of oor die radio.

Maar Moos meet elke reënbui getrou in sy -reënmeter en teken die uitslag aan op die Spar-kalender agter sy kombuisdeur: "17 Januarie – 4 mm. 23 Januarie – 2 mm . . ."

Laatmiddag sit ek en hy op sy smal voorstoep. Die sweet blink op ons voorkoppe. In die Weber smeul die kole, en na die noorde toe, doeikant van die Vodacom-toring teen die rantjie, raak die wolke al hoe donkerder.

Ek vra Moos oor die reënmeter in die agterplaas. Dit was sy oorlede pa s'n, sê hy. Sy pa het langer as 40 jaar elke reënbui wat oor hul huis in Potchefstroom uitgesak het, daarmee gemeet en dit in 'n boekie aangeteken. My oorlede pa, ook sy lewe lank 'n dorpenaar, het dieselfde gedoen. Hy het weer sy reënvalsyfers op die kerkalmanak geskryf.

"Daar's baie vog in die lug," sê Moos, en vee met sy plat hand oor sy voorkop. "Die reën moet een of ander tyd kom."

Pa het ook soms gesê: "Daar's baie vog in die lug. Die reën moet kom . . ." Dan het hy oor sy sweterige voorkop gevee en na die klam, blinkerigheid in sy handpalm gekyk asof dit 'n voorspel is van die reën wat moet kom.

Ons gesels oor ons pa's en oor reën, ek en Moos. Hoe hulle gedurig op die uitkyk was vir tekens in die natuur wat glo vir jou vertel wanneer gaan dit reën. Ek kan nie 'n halfmaantjie skuinserig teen die hemel sien hang sonder om Pa te hoor sê nie: "Dit gaan kom reën, Seun. Die maan gooi uit." Hy het ook geglo as die slange en die skilpaaie loop, gaan dit reën. Of as die miere werskaf. Of die soetdorings blom.

Iewers ná elfuur gaan slaap ons. Iewers in die nag word ek wakker van die veraf gerammel van donderweer. Dit klink of druppels op die grasperk voor die venster val. Ek slaap verder.

Vroegoggend toe ek in die kombuis kom, staan die agterdeur oop. Moos is buite. Deur die venster sien ek hoe hy die reënmeter voor hom in die lug hou en na die strepie water onderin staar. Hoe hy dit leegskud en die hemel vir wolke fynkam.

"Hoeveel?" vra ek toe hy weer by die deur inkom. "Byna niks." Hy tel die pen op die yskas op en gaan staan voor die kalender agter die deur. "Maar hoe de hel skryf jy dit neer?" Hy kyk vlugtig na my. " 'n Mens mis hulle soms, nè?" Hy skryf iets op die kalender en stap die huis in.

Ek gaan kyk wat hy geskryf het. "Katspoegie," staan daar. Buite is dit 'n helder dag. "Mooi weer en warm," sal die weervoorspelling sê.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-reenmeters-en-almanakke-van-ons-lewe-20190201

"Discipline brings freedom.

The purpose of meditation is to enable us to hear God more clearly. Meditation is listening, sensing, heeding the life and light of Christ. This comes right to the heart of our faith. The life that pleases God is not a set of religious duties; it is to hear His voice and obey His word. Meditation opens the door to this way of living.

To pray is to change. All who have walked with God have viewed prayer as the main business of their lives.

For those explorers in the frontiers of faith, prayer was no little habit tacked on to the periphery of their lives; it was their lives. It was the most serious work of their most productive years. Prayer – nothing draws us closer to the heart of God.

Fasting must forever centre on God. More than any other Discipline, fasting reveals the things that control us.

The most difficult problem is not finding time but convincing myself that this is important enough to set aside the time.

Disciplines are not the answer; they only lead us to the Answer. We must clearly understand this limitation of the Disciplines if we are to avoid bondage.

Humility, as we all know, is one of those virtues that is never gained by seeking it. The more we pursue it the more distant it becomes. To think we have it is sure evidence that we don't.

Anybody who has once been horrified by the dreadfulness of his own sin that nailed Jesus to the Cross will no longer be horrified by even the rankest sins of a brother.'

If worship does not propel us into greater obedience, it has not been worship. To stand before the Holy One of eternity is to change."

— Richard J. Foster (Celebration of Discipline: The Path to Spiritual Growth)

Brood vir die pad

Op die spoor van dierewysheid in ons morele krisis

RRV

Ons leef in gevaarlike tye. Die heersers is skelms en diewe. En die geestelikes wys hulle nie tereg nie. Hoekom nie? Omdat hulle self in die voordele van die buit deel."

Aan die woord is Reinaert, die geslepe jakkals uit die Middeleeuse epiese fabel Van den vos Rey-naerde. En, vertel hy verder: "Rondom koning leeu is daar 'n uitgesoekte groep skurke wat hy met eer-bewyse oorlaai, maar laat die arme Reinaert net 'n ou hoendertjie steel, dan skree almal: 'Na die galg met hom!' Klein skurke word gehang, maat groot skurke regeer ons land en stede."

In sy boek The European Reformations gebruik die historikus Carter Lindberg uittreksels uit hierdie vertelling om iets van die moraliteitskrisis in die laat-Middeleeuse samelewing aan te dui. Naas die krisis wat deur langdurige droogtes, grootskaalse epidemies en moeilike ekonomiese omstandighede veroorsaak is, was daar die dieper krisis ten opsigte van morele en geestelike waardes.

Die hernude gewildheid van verhale soos dié aangaande Reinaert die vos weerspieël iets hiervan. Lindberg redeneer verder dat ons nie die 16de eeuse hervormingsbewegings in Europa los van hierdie diepliggende waardekrisis kan verstaan nie.

Reinaert wys egter nie net daarop dat die heersers en priesters korrup is nie, maar gee ook raad vir sy nefie, Grimbert die ratel, oor hoe om in só 'n tyd te leef. Reinaert het self lankal reeds tot die insig gekom dat 'n mens jou eie wins en voordeel in die lewe moet soek. Deur leuens, slinksheid en vleitaal het hy immers baie bereik en met baie weggekom. Daarom Reinaert se gevolgtrekking: "Wie nie Reinaert se vaardighede aanleer nie, is nie vir hierdie wêreld gemaak nie. Maar met die aanleer van die kuns waarvan Reinaert 'n meester is, is sukses en mag binne almal se bereik."

Baie kan dalk met die lees van uittreksels uit dié Middeleeuse fabel voel dat dit eintlik ook die mo-rele krisis in ons samelewing beskryf. Oral rondom ons word ons gekonfronteer met verhale van korrupsie, uitbuiting en oneerlike selfverryking. Daar is skynbaar 'n groeiende gebrek aan morele in-tegriteit, asook aan die profetiese waagmoed om die waardekrisis in ons dag aan te roer.

Maar dalk lê die groter krisis daarin dat baie van ons – ook diegene onder ons met verbintenisse aan godsdienstige en lewensbeskoulike tradisies met sterk morele waardes – self begin glo dat Reinaert se raad inderdaad is wat ons nodig het om in ons dag te oorleef en te floreer. En dat ons dalk selfs dié "wysheid" bewustelik of onbewustelik aan ons kinders oordra.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/op-die-spoor-van-dierewysheid-in-ons-morele-krisis-20190215

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877